higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5030124)

22 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

448Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Individu se ... word in die Suid-Afrikaanse Grondwet weergegee.

A waardes
B oortuigings
C regte
D norme

1.2 Linguïstiese agtergrond verwys na iemand se … agtergrond.

A taal-
B lineêre
C ekonomiese
D artistieke

1.3 Kinders se bekendheid met boeke word hoofsaaklik by … geleer.

A kleuterskoolonderwysers
B primêre versorgers
C gemeenskapslede
D familieportuur

1.4 Ferm … laat kinders gelukkig en veilig voel.

A beperkings
B wettighede
C grense
D straf

1.5 Een beginsel van vroeë kinderopvoeding is ...

A om vir ouers sosiale vaardighede te leer.
B om uit 'n verskeidenheid voorwerpe 'n speelding te kies.
C welsyn en voeding.
D om rymwoorde te kies.

1.6 'n Onderwyser se beplanning moet altyd … wees, veral met vroeë kinderonderwys.

A intrapersoonlik
B ouditief
C visueel
D buigbaar

Kopiereg voorbehou

1.7 Summatiewe assessering evalueer die … van kennis, waardes en vaardighede oor 'n sekere tydperk.

A opsomming
B akkumulasie
C basislyn
D validasie

1.8 Struktuur en orde in 'n klaskamer gee en bevorder die … van die leerder.

A selfvertroue
B afhanklikheid
C versigtigheid
D oplettendheid

1.9 … kan die leerbehoeftes van leerders aansienlik beïnvloed.

A Erkenning van ouers
B Ouerbetrokkenheid
C 'n Gebrek aan gemeenskapsbetrokkenheid
D Onderwysers wat nie behoorlik opgelei is nie

1.10 … behoort 'n belangrike deel van 'n jong kind se daaglikse aktiwiteite te wees.

A Voorbereide werksblaaie
B Deurlopende toetsing
C Formele gesyferheidslesse
D Informele geselsies

1.11 Die kurrikulum in die vroeë grade moet voorsiening maak vir … konteks vir kinderonderrig.

A geïsoleerde
B gevorderde
C betekenisvolle
D abstrakte

1.12 Die persoon wat by 'n gesin woon, wat die kinders versorg en 'n toelae ontvang, staan bekend as 'n …

A au pair.
B kinderoppasser.
C dagmoeder.
D berader.

Kopiereg voorbehou

1.13 'n … help 'n kind met vaardighede en emosies om trauma te hanteer.

A Leerlingskap
B Klasassistent
C Berader
D Leerlingonderwyser

1.14 'n Baba verstaan baie meer … taal as die ekspressiewe taal waarmee hulle hulself uitdruk.

A sekondêre
B reseptiewe
C emosionele
D linguïstiese

1.15 Kognisie is die … aksie om kennis te verkry.

A morele
B sosiale
C fisiese
D verstandelike

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Kies die korrekte term vanuit dié in hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n Leerling wat ('n leerlingskap/'n entrepreneurskap) suksesvol voltooi het, word beskou as bekwaam in die werk waarvoor hy/sy opgelei is.

2.2 Onderwys vind nie in 'n lugleegte plaas nie, maar is deel van 'n unieke (inhoud/konteks) wat ook die uitgebreide familie betrek.

2.3 Vroeë blootstelling aan (toepaslike/gevorderde) ontwikkelingsaktiwiteite behoort die druipsyfer van kinders in latere formele skoolonderrig te verlaag.

2.4 Graad R val in die (voorskoolse/grondslag-) fase van skoolonderrig.

2.5 Jong kinders leer die beste waneer hulle hul wêreld aktief (ontdek/observeer).

2.6 Wanneer leerders van drie- tot sesjarige ouderdom saam in een klaskamer gegroepeer word, staan dit bekend as (horisontale/vertikale) ouderdomstrukturering.

2.7 Individuele doelwitte word (jaarliks/daagliks) ontwikkel om aan die individuele behoeftes van 'n kind te voldoen.

2.8 Dis belangrik dat alle ontwikkelingsareas beklemtoon word om (individuele/holistiese) ontwikkeling te verseker.

2.9 (Doeltreffende/Beste) praktyk is die kollektiewe ervarings van verskeie verskillende gemeenskappe of skole.

2.10 Kinders leer die meeste tussen die ouderdomme van (geboorte/een jaar) en ses jaar.

2.11 Ontneming is die (surplus van/gebrek aan) iets wat jy nodig het om gelukkig, gesond en gemaklik te wees.

2.12 'n Hoëgehalte-vroeëkinderontwikkelingsprogram sal fokus op die kind as deel van die (groep/leerproses).

2.13 As jy 'n (kuns-/musiek-) aktiwiteit dophou, onthou om leerdersvoorbeelde te kry.

2.14 Verstandelose, herhaaldelike leer sonder begrip staan bekend as (outomatiese leer/papegaaiwerk).

2.15 In (kindgesentreerde/onderwysergesentreerde) onderwys word die opvoeding van die individuele kind rondom die kind gebou.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Vroeë kinderopvoeding moet verband hou met die ontwikkelingsouderdom van die kind.

3.2 Speel lê die grondslag vir formele leer.

3.3 'n Kindgesentreerde klaskamer het baie min struktuur.

3.4 'n Kind se huistaal is ook hul eerste addisionele taal.

3.5 Kinders uit diverse kulture beïnvloed nie die inhoud van vroeë kinderontwikkelingsonderwys nie.

3.6 Kritiese en kreatiewe denke is uiters belangrike vaardighede tydens die leerproses.

3.7 Gesyferdheid beteken om die taal van syfers te verstaan.

3.8 Kinders kan leer deur voorbeelde en sal die gedrag van ouers en onderwysers naboots.

3.9 Ouers kan nie bydra tot die kind se syfervaardighede nie omdat hulle nie genoeg hulpbronne by die huis het nie.

3.10 Babas en kleuters sal dieselfde daaglikse roetine hê want hul ouderdomme is soortgelyk.

3.11 Assessering in die vroeë kinderjare gaan nie oor punte nie, maar oor ontwikkeling.

3.12 Montessori-aktiwiteite is hoofsaaklik groepsgebaseer.

3.13 'n Baba kan fisies ontwikkel, maar soms nie die toepaslike ontwikkelingsmylpale bereik nie.

3.14 Veiligheid binne en buite is belangrik.

3.15 Ongeag 'n kind se omgewing sal hy/sy tot sy/haar volle potensiaal ontwikkel.

3.16 Kinders van driejarige ouderdom kan nie deelneem aan fantasiespel nie.

3.17 Kinders in verskillende gemeenskappe het dieselfde opvoedkundige behoeftes.

3.18 Kinders leer die beste uit positiewe verhoudings in hul lewens.

3.19 Robotika vorm deel van tegnologie.

3.20 'n Entrepreneur is iemand wat teen 'n salaris vir 'n ander persoon werk, maar bring al hul idees en kundigheid na die onderneming.

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Kies 'n term vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	'n Goedopgeleide praktisyn wat 'n volledige reeks versorging vir kinders in 'n formele opset verskaf	A	deurslotte
		B	veerkragtigheid
4.1.2	Bied 'n program op sekere weeksoggende aan	C	disleksie; afasie
		D	speelgroep
4.1.3	Gesproke eerder as skriftelik	E	bevooroordeling
4.1.4	Dit moenie in die kinders se toiletfasiliteite wees nie	F	etiek
4.1.5	Vertroulikheid van persoonlike inligting	G	opkomende geletterdheid
4.1.6	Kan veranderings, probleme of terugslae hanteer	H	sensoriese aktiwiteit
4.1.7	Gaan oor mense uit verskillende rasse, genders, tale of kulture	I	vryspel
		J	verbale kommunikasie
4.1.8	Ongestruktureerde aktiwiteit		
4.1.9	'n Kind wat voorgee om te lees of skryf	K	VKO-praktisyn
4.1.10	'n 'Voelboks' ('feely box')	L	'loco parentis'
4.1.11	Versorger tree namens die ouer op	M	diversiteit
4.1.12	Vasgestelde idee oor 'n groep mense en aanname dat hulle sekere eienskappe het		

(12 × 1) (12)

4.2 Kies 'n woord of woorde uit die lys hier onder om by die volgende sinne te pas. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer. Elke woord/term mag slegs EEN KEER gebruik word.

boodskapboeke/WhatsApp; opname; register; ouervergadering; e-pos; teksboodskap; kennisgewingsbord; nuusbrief

4.2.1 Waar ouers van aangesig-tot-aangesig met die praktisyn kan gesels

4.2.2 Hierdie kommunikasiemetode kan weekliks of een maal 'n termyn aan ouers gestuur word

4.2.3 'n Metode om inligting by ouers in te samel om 'n ingeligte besluit oor 'n spesifieke saak te maak

4.2.4 Dit word gewoonlik by die sentrum se ingang geplaas om ouers te herinner aan belangrike inligting

4.2.5 'n Manier om daagliks met ouers te kommunikeer

4.2.6 'n Belangrike dokument aangaande kinders se bywoning

4.2.7 'n Doeltreffende manier vir die praktisyn om kort kennisgewings terselfdertyd aan alle ouers te gee

4.2.8 'n Elektroniese manier om ouers te kontak

(8 × 1) (8)

4.3 Fisiese ontwikkeling verg grootmotoriese- en kleinmotoriesevaardighede.

Onderskei tussen die onderskeie vaardighede wat benodig word vir elk van die volgende aktiwiteite. Skryf slegs 'Groot' of 'Klein' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 Om popklere met wasgoedpennetjies aan 'n popwasgoedlyn op te hang

4.3.2 Om trappe te klim by die inkopiesentrum

4.3.3 Om krale in te ryg om vir ouma 'n verjaarsdaggeskenk te maak

4.3.4 Om albasters volgens kleur in houers te plaas

4.3.5 Om sokker saam met maatjies te speel

(5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Lees die volgende scenarios. Elke scenario stel 'n ander soort beplanning voor vir doeltreffende praktyke. Identifiseer die *soort beplanning* vir doeltreffende praktyk in elk van die volgende scenarios. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Susan besluit wat sy op 'n spesifieke dag gaan doen om die leerders se vaardighede in die beplande leeruitkomste te meet.

5.1.2 Johan is besig om 'n werksplan op te stel vir die volgende vier weke. Hierdie plan gaan sy werksplan in die klaskamer wees.

5.1.3 Mpho is besig om 'n plan uit te werk wat skoolvakansies, uitstappies en assesseringstydperke insluit. Sy gebruik temas as 'n basis vir haar leerprogram. Sy gaan leeruitkomste eweredig groepeer regdeur die vier termyne.

5.1.4 Thuli wil sorg dat hy aandag aan elke kind in sy klas gee. Hy verdeel sy klas in klein groepe. Elke groep gaan 'n beurt kry om intensief saam met Thuli te werk tydens klasse.

(4 × 1) (4)

5.2 Jy is 'n praktisyn by 'n VKO-sentrum. Stel 'n informele kontrolelys op om die Graad R-leerders se holistiese ontwikkeling te monitor.

Gebruik die riglyne hier onder vir jou kontrolelys. Moenie voorbeelde uit ander vrae in hierdie vraestel vir jou antwoord gebruik nie.

5.2.1 Persoonlike/algemene inligting: Noem VYF belangrike aspekte wat nodig is aangaande die persoonlike/algemene inligting van die leerder. (5)

5.2.2 Kognitiewe ontwikkeling: Gee TWEE syferaktiwiteite om leerders se begrip van die getalle 1 tot 10 te assesseer. (2 × 2) (4)

5.2.3 Kleinmotoriesevaardighede: Gee TWEE aktiwiteite om die leerders se kleinmotoriesevaardighede te assesseer. (2 × 2) (4)

5.2.4 Grootmotoriesespierkoördinasie: Gee TWEE aktiwiteite om die leerders se grootmotoriesespierkoördinasie te assesseer. (2 × 2) (4)

5.3 Verduidelik kortliks hoe 'n praktisyn verskillende kulture in sy/haar aktiwiteitsbeplanning kan akkommodeer. (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 6

6.1 Aktiwiteite moet op sodanige wyse beplan word dat elke leerder daaraan kan deelneem. Leerders sal gefrustreerd word as aktiwiteite en toerusting nie geskik is vir hul ouderdomme of ontwikkelingsfase nie.

Kies VIER geskikte buitelugtoerusting/-speelgoed uit die lys hier onder wat vir kleuters geskik sal wees. Skryf slegs die vraagnommer (6.1) en die antwoord (a–f) in die ANTWOORDBOEK neer.

(a) Strandbal en emmertjiestel



(b) Buitebandswaai



(c) Hobbelperd



(d) Swaai wat uit 'n hokkie bestaan



(e) Hoë glyplank



(f) Skopfiets



(4)

6.2 Aktiwiteite moet aangepas word om leerders met spesiale behoeftes te akkommodeer.

Voltooi die tabel hier onder deur 'n ouderdomsgeskikte aktiwiteit vir die Graad R-groep te beplan. Dui dan aan hoe elke aktiwiteit aangepas kan word om leerders met die genoemde spesiale behoeftes te akkommodeer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

Ontwikkelingsarea	**Tipe spesiale behoefte**	**Oorspronklike aktiwiteit (beplan vir die Graad R-groep)**	**Gewysigde aktiwiteit (beplan vir die kind met spesiale behoeftes)**
Fisiese ontwikkeling	Swak sig	6.2.1 (2)	6.2.2 (2)
Sosiale ontwikkeling	Swak selfbeeld	6.2.3 (2)	6.2.4 (2)
Kreatiewe ontwikkeling	Swak fynmotoriese-vaardighede	6.2.5 (2)	6.2.6 (2)
Taalontwikkeling	Swak ouditiewe vaardighede	6.2.7 (2)	6.2.8 (2)

(16)

6.3 Dis belangrik dat praktisyns leerders se leerstyle in aanmerking neem wanneer hulle aktiwiteite beplan.

Noem VYF verskillende leerstyle. (5 × 1) (5)
[25]

VRAAG 7

7.1 Kinders word groot in 'n gespanne samelewing. Ouers en versorgers moet streef om 'n ontspanne omgewing te skep waarin kinders kan leer en ontwikkel.

Identifiseer VYF maniere hoe ouers/versorgers kinders kan help om stres te hanteer. (5 × 2) (10)

7.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

> Baie gesinne wêreldwyd kom voor verskillende soorte rampspoed te staan. Dit kan geestesversteurings, middelmisbruik en verslawingsprobleme, fisiese siekte, huishoudelike en gemeenskapsgeweld, armoede, gebrek aan behuising en oorlog insluit. Wat nog meer is, baie van hierdie probleme is akkumulatief van aard met een probleem – soos 'n ouer met 'n geestesversteuring – wat oorgaan in ander probleme, soos gebroke verhoudings, werkloosheid en armoede. Dis krities belangrik om die impak van hierdie probleme op ouers en kinders te voorkom en te verminder vir beter bevolkingsgesondheid, nou en in die toekoms. Geen enkele sektor of organisasie is egter in staat om al die probleme wat hierdie gesinne moontlik beleef aan te spreek nie. 'n 'Dorpsbenadering' word dus voorgestel om kinders groot te maak.
>
> [Bron: *https://doi.org/10.3389/fpubh.2022.756066*]

7.2.1 Na wie verwys die artikel ten opsigtre van die 'dorpsbenadering'? (1)

7.2.2 Verwys na die verskillende soorte rampspoed (uitdagings) wat in die artikel geïdentifiseer word en verduidelik hoe die gemeenskap en regering hierdie gesinne kan ondersteun. (10)

7.2.3 Verduidelik TWEE praktiese maniere hoe plaaslike besigheidsondernemings vroeëkinderontwikkelingsentrums kan ondersteun. (2 × 2) (4)
[25]

VRAAG 8

8.1 Kinders moet nooit fisies gestraf word deur hulle te slaan, te klap of 'n hou te gee nie.

Verduidelik hoe 'n onderwyser grense kan stel vir gedrag om 'n veilige leeromgewing vir kinders te verseker. (3 × 2) (6)

8.2 Verduidelik hoekom dit belangrik is om elke dag 'n oggendkring te hou. (2 × 2) (4)

8.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Thandi is die hoof van 'n plaaslike VKO-sentrum. Daar is verskeie kinders met fisiese gestremdhede in haar sentrum. Sy is bekommerd oor hoe toeganklik haar sentrum is.



Bepaal hoe Thandi haar VKO-sentrum meer toeganklik kan maak vir leerders met fisiese gestremdhede. (4 × 2) (8)

8.4 Verduidelik kortliks hoe Thandi in haar optrede teenoor kinders met gestremdhede 'n doeltreffende rolmodel vir die kinders in haar groep kan wees. (3)

8.5 Hoe kan Thandi sorg dat daar geen genderdiskriminasie in haar klas is nie? (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 9

9.1 Verduidelik waarom ouerbetrokkenheid by 'n kind se opvoeding 'n belangrike praktykbeginsel is. (2 × 2) (4)

9.2 Daar is verskeie instansies waar vroeë kinderontwikkeling kan plaasvind.



9.2.1 Verduidelik kortliks TWEE voordele daarvan om 'n baba by 'n dagmoeder eerder as 'n kleuterskool in te skryf. (2 × 2) (4)

9.2.2 Verduidelik TWEE nadele daarvan om 'n baba by 'n dagmoeder eerder as 'n kleuterskool in te skryf. (2 × 2) (4)

9.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

James het besluit om sy kollege-opleiding te staak nadat hy en sy meisie uitmekaar is. In die lig hiervan beoog sy ma, wat by 'n dagsorgsentrum werk, om die sentrum te koop met die bedoeling dat James dit moet bestuur.

9.3.1 Vanuit die scenario, verduidelik VIER redes waarom James moontlik gaan misluk as entrepreneur in die VKO-veld. (4 × 2) (8)

9.3.2 Noem VYF areas waarin James kan verbeter om 'n suksesvolle entrepreneur in die VKO-veld te wees. (5 × 1) (5)

[25]



TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou